

**Op pad na 'n nuwe bedieningstruktuur:
'n Analise van die gemeente
as deel van hierdie proses**

B J van der Walt & M J du P Beukes

Universiteit van Pretoria

Abstract

Heading toward new ministerial structures: A situation-analysis of the local congregation

According to 2 Corinthians 3:18 the church has the instruction to be transformed so to become part of the body of Christ more and more. But it does happen that the church stagnate in its ministry. The purpose of the subject Church Growth is to adress this problem. One phase of this subject is the analysis of the situation in the local church. The purpose of the analysis is to systematically look at the situation in a congregation of the church and then to identify problems that stand in the way of fulfilling of the Biblical command. The situation-analysis can not be done at random, but must be planned carefully. This study gives attention to a planned situation-analysis of the local church.

1. INLEIDING

Die begrip bediening word in die kerk gebruik as die breë term om die oordra van die totale heil van God in Jesus Christus aan te dui (Nederduitsch Hervormde Kerk

* Ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die MDiv-graad (1992), Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr M J du P Beukes.

van Afrika 1989a = NHKA 1989a:22). Die kerk beskou dit as sy primêre verantwoordelikheid om die heil van God aan mense oor te dra. Die vraag is hoe, waar en wanneer die kerk dit moet doen? Die kerk moet sy bediening op so 'n wyse struktureer dat hy daardeur, na die beste van sy vermoë, die heil van God kan oordra. In 'n poging om dit te kan doen, vind die bediening van die kerk binne 'n bepaalde struktuur, genoem die bedieningstruktuur, plaas.

'n Vraag wat oor 'n wye spektrum gevra word, is die vraag in watter mate die kerk nog kerk volgens die wil van God (soos in die Bybel beskryf) is in die moderne tyd waarin ons leef. Is die kerk nie besig om hom met 'n verouderde bedieningspatroon uit die samelewing te rangeer tot 'n randverskynsel nie? Byvoorbeeld, die kerk benader die stad met 'n plattelandse bedieningspatroon, terwyl dit volgens die staatsensus van 1980 blyk dat 81% van alle Hervormde lidmate in stede woonagtig is. Verder blyk dit ook dat die werk van die kerk in die hande van 'n paar ampsdraers is en dat gemeentede nie hierby betrokke is nie (NHKA 1989a:21).

Die krisis in die bediening van die kerk is nie beperk tot die Hervormde Kerk nie. Uit verskillende opnames wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gemaak is, word die probleem ook aangespreek. *Die Kerkbode* van 22 Februarie 1984 (in Tolmie 1988:22) se voorbladberig lui: 'Deeglik diagnostiese toets dui op doodsheid'. Redes wat aangevoer word, is onder andere: Passiwiteit van lidmate, geloof en praktyk kom nie bymekaar uit nie, gemeenskap van gelowiges skiet ver tekort en geestelike lusteloosheid. Jurgens Hendriks sê op 2 Augustus 1985 (Hendriks 1986:74) voor 'n studiegroep dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk hom in 'n sorgwekkende toestand bevind. Hy voer as redes aan: Sekularisasie, weerstand teen persoonlike betrokkenheid, verwronge kerkbegrip, verbondsbreuk, selfsug, uitgediende bedieningstrukture, erediensverskraling, oormondige leraar – onmondige gemeente en burokrasie.

Die kerk word baie daarvan beskuldig dat hy 'n dominees-kerk geword het. Van Eeden (in Dreyer 1986:8) dui in sy navorsing aan dat wanneer 'n predikant 'n beroep aanneem, dan neem die betrokkenheid en aktiwiteite van die gemeente af. Die kerk loop soos 'n goed geoliede masjien volgens die patroon van die sake-wêreld. Al die inisiatief kom vanaf die direksie (*direkteur?* – [eie kursivering]), terwyl die werknemers passief bly binne die ritme van hulle verpligting. Wesenlik is hulle onbetrokke (Louw 1985:25). Die hoof faktor wat hiertoe bydra, is die mening dat die predikant alleen vir die welwees van 'n gemeente verantwoordelik is (Van der Walt 1987:11-12).

Die herder-kudde metafoer word in die meeste gemeentes as die basis van bediening aangetref. Hierdie metafoer (herder-kudde) wat in beide die Ou en Nuwe Testament voorkom, het hom al deeglik oor die jare in die kerk gevestig. 'n

Belangrike klemtoon hierin is die feit dat die gemeente die verantwoordelikheid en werkplek van die herder (predikant) is. Die metafoor leen hom egter tot 'n eensydige aksentuering van die werk van die predikant (NHKA 1989a:37). Die leraar as herder word op hierdie manier maklik die 'Christus' van die gemeente (Hendriks 1987:1). Dit het in baie gevalle daatoe gelei dat die lidmaat sy verantwoordelikheid as deel van die kudde uit die oog verloor. Hierdie metafoor het sy voor-, maar ook sy nadele. Heyns (in NHKA 1989a:37) stel dit so: 'Hierdie model se krag is ook tegelyk sy swaakteit. Die patriargale herder word alte maklik 'n outokraat en die gehoorsame volg van die kudde lei dikwels tot passiwiteit'. Dit lei tot 'n oorwaardering van die predikant en 'n onderwaardering van die lidmaat. Die amp van die gelowige het verwater tot 'n slaafse navolging van die predikant. Daarom kwyn gemeentes tydens vakantskappe.

'n Ander baie bekende bedieningsmodel is die liggaamsmodel, soos wat ons dit in 1 Korintiërs 12 en ander plekke in die Nuwe Testament aantref. In dié model word klem gelê op die verantwoordelikheid van elke ledemaat van die liggaam (NHKA 1989a:38). Elke lidmaat het 'n rol te speel in die kerk en dan meer spesifiek in sy plaaslike gemeente. Hierdie metafoor is in die verlede in die kerk verwaarloos. 'n Mens moet egter nie probeer om hierdie model teen die herder-kudde model af te speel nie. Dreyer (1987:33) kom tot die slotsom dat die twee modelle naas mekaar geplaas moet word in die gemeente. Die een sluit die ander nie uit nie, dit vul mekaar juis aan. Dat elke gelowige 'n taak in die kerk en gemeente het, is seker die primêre boodskap van die liggaam-metafoor. Die predikant moet lidmate bewus maak van hierdie taak wat elkeen in die kerk het. Hy moet daarop konsentreer dat hy die gemeente moet begelei tot die besef dat hulle self vir die opbou van die gemeente verantwoordelik is (NHKA 1989a:38). Dreyer (1987:34) merk tereg op dat '...die kerk in sy bedieningstrukture meer reg sal moet laat geskied aan die liggaam-model. Dit sal egter 'n geleidelike oorgang moet wees...lidmate sal opgevoed en toegerus moet word om hulle verantwoordelikheid te aanvaar...'

2. VERNUWING VAN DIE BEDIENINGSTRUKTUUR

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het in 1986 ook die probleem onder bespreking geneem en opdrag gegee dat 'n ondersoek geloods moet word na die kerk se bedieningstrukture. Op die vergadering van 1989 (NHKA 1989a:21-106) is die verslag oor bedieningstrukture ter tafel geneem, bespreek en soos volg daaroor besluit: 'Die vergadering aanvaar die rapport oor bedieningstrukture in beginsel en verwys dit na die Kommissie van die

Algemene Kerkvergadering vir verdere bespreking, studie en implementering' (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1989b:38).

Hierdie besluit kan gesien word as die begin van 'n nuwe model vir bediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Met die wegbeweeg van 'n rigiede model moet daar groter soepelheid wees om in plaaslike omstandighede aan te pas (Dreyer 1987:39). Die motief vir 'n (veranderde) bedieningsmodel moet egter nooit uit die oog verloor word nie: Dit bly steeds om die totale heil van God in Jesus Christus oor te dra.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het hom verbind tot 'n nuwe bedieningspatroon. Die breë (algemene) riglyne vir hierdie patroon is uitgestippel in die rapport aan die Algemene Kerkvergadering van 1989 (kombinasie herderkudde- en liggaamsmodel). Omdat elke gemeente egter uniek is moet hierdie model geskaaf word (spesifiek gemaak word) om van die plaaslike gemeente deel te word. Dit beteken dat daar oor die kerk heen nuanseverskille in die toepassing van hierdie nuwe bedieningsmodel sal wees. Die basismodel vir die bediening in die kerk behoort egter dieselfde te wees.

3. GEMEENTEBOU

Die vraag wat dan op hierdie punt ontstaan, is: Hoe moet die huidige bedieningsmodel verander word na die nuwe bedieningsmodel en hoe moet dit gemaak pas word vir 'n besondere gemeente?

Die Kommissie vir Bedieningsstrukture se verslag aan die einde van 1991 (NHKA 1991:3) wys daarop dat die kerk in elke situasie oor die mees effektiewe bedieningsstruktuur moet besin. Om aan hierdie besinning gestalte te gee, maak die Kommissie die volgende aanbeveling (NHKA 1991:4): 'Die plaaslike kerkraad moet, onder die opsig van die ringsvergadering in ooreenstemming met kerklike bepalings, op grond van 'n deeglike situasie-ontleding, 'n bedieningspatroon ontwerp, implementeer, deurlopend evalueer en aanpas indien nodig'.

Vir die kerk met sy manier van doen is dit alreeds 'n groot saak om gekonfronteer te word met 'n veranderende bedieningsstruktuur. Dit boesem onsekerheid in. Om dan nou boonop te sê dat 'n situasie-ontleding gedoen moet word, kan baie laat twyfel of hulle in staat is om uitvoering aan die saak te gee. Die doel van 'n situasie-analise is egter om die proses na 'n nuwe bedieningsstruktuur makliker te maak. Dit is nodig dat die saak so hanteer sal word dat niemand in die oorgangsfase verlore raak nie. Daarom is dit goed om eers te gaan kyk waar pas die proses situasie-ontleding in. In die Praktiese Teologie word daar aan hierdie onderwerp aandag gegee in die vak Gemeente-opbou of Gemeentebou soos dit kortweg genoem word.

3.1 Wat is gemeentebou?

Dit gaan in gemeentebou daaroor om op 'n deeglik beplande wyse die gemeente te begelei om 'aan die beeld van Christus gelyk te word' (2 Kor 3:18). Louw (1987:73) som gemeentebou soos volg op: '...n doelgerigte proses....Dit behels naamlik dat die gemeente gelei word om in die lig van die Bybel indringend oor sy eie doel en funksionering te besin met die oog op die doeltreffende opbou en uitbou van die gemeente tot verheerliking van God.'

Malan Nel (1986:55) tipeer gemeentebou as bediening soos volg:

Gemeentebou is daardie bediening – naas en met integrasie van alle ander gestaltes van die bediening soos die prediking, lering, pastorale sorg, evangelisasie, sending ens – waar

- (a) God-drie-enig deur sy Woord en ampte sy gemeente oplei om:
 - (i) sy wese en doel te verstaan;
 - (ii) gemotiveerd self (as gemeente) sy funksionering as gemeente te evalueer en doelwitte vir sy opbou te formuleer en op beplande wyse te bereik;
 - (iii) soos nodig op 'n voortgaande basis strukture van gemeentelike lewe te ontwikkel wat die heilshandeling van God-drie-enig in die kerk en wêreld dien.

Dit gaan vir Nel (1987:33) in gemeentebou om minder en meer as net 'n somtotaal van die dissiplines in die Praktiese Teologie. *Hiermee bedoel hy dat gemeentebou deel is van al die dissiplines binne die Praktiese Teologie, maar indien 'n mens al die dissiplines bymekaar sou tel, is dit nog nie gemeentebou nie* [eie kursivering]. Hy wil die noue verband tussen gemeentebou en die ander dissiplines aandui, maar ook aan gemeentebou sy eie plek in die Praktiese Teologie gee (Heyns 1988:16).

Heyns & Pieterse (1990:13) gaan van die standpunt uit dat Praktiese Teologie die geloofshandeling van die mens bestudeer, spesifiek die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Vanuit hierdie perspektief beredeneer Heyns dat gemeentebou die aanwend van al die geloofshandeling is met die doel om die gemeente op te bou. Vir hom is gemeentebou nie die somtotaal van die deeldissiplines of sommige van die deeldissiplines in die Praktiese Teologie nie. Hy sien dit as die aanwend van al die geloofshandeling in 'n meerdere of mindere mate vanuit die perspektief van gemeentebou. Die doel is om die gemeente uit te bou of op te bou, sodat God alles in almal kan wees (Heyns 1987:17). Elke gelowige moet by hierdie proses betrokke raak.

Vir Goedhart is die basiese kenmerke van 'n gesonde gemeente dat dit 'n dieneende, vierende, lerende en delende gemeente moet wees. In die lig hiervan sien hy gemeentebou as: 'Het gemeentebouwerk wil de gemeente systematich helpen

om werklik gemeente van Jesus Christus te word in deze tijd' (Goedhart 1984: 9-10). Vir verdere definisies van gemeentebou, sien Bons-Strom (1987:11-12); Louw (1985:28-35); Hendriks (1987:1-25) en Louw (1984:151-152).

Teologies gesien, is daar genoeg ruimte waarbinne gemeentebou beoefen kan word (nie net as vak nie, maar ook in die gemeentelike praktyk). In die bestudering van die vak moet daar gepoog word om die beste bedieningsmodel(le) aan die orde van die dag te stel. So 'n bedieningsmodel moet dan aangepas word om in te pas by 'n gemeente se besondere omstandighede.

4. GEMEENTE-ANALISE

4.1 Gemeente-analise 'n fase van gemeentebou

Gemeentebou as bediening is prosesmatig. Dit is gerig op die voortdurende hervorming van die gemeente. Hervorming word somtyds negatief beleef, omdat dit met onsekerheid gepaard gaan. Daarom moet die begeleiers in die opbou van die gemeente vra na die wil van God (Nel 1988:1-3). Dan is dit nie hervorming ter wille van hervorming nie. Dit is 'n deeglik beplande proses waarin die hele gemeente saamgeneem moet word: 'Veranderen [hervorming – eie klemtoon] mag niet leiden tot hollen of stilstaan. Hollen is niet vol te houden; stilstaan is al te verleidelijk. Het proces om gemeente van Jesus Christus te wórd is een weg die alleen stap voor stap begaanbaar is en die telkens weer om vernieuwing vraagt' (Goedhart 1984:14).

Gemeentebou wil 'n gemeente help om meer te word wat Jesus Christus wil hê hy moet wees. '...de opbouw van de Christelijke gemeente zich fundamenteel te verandert en zich ontwikkelt tot een groep mensen die betekenis heeft als zout, als licht...' (Bons-Strom 1987:13). In die perspektief van 2 Korintiërs 3:18 is die opdrag om aan die beeld van Christus gelyk te word. Wie dit nie wil doen nie, is besig om 'n Bybelse opdrag te versaak (met ander woorde om te sondig). Die gelowige kan egter verseker weet dat God hom nie alleen laat in hierdie proses om aan sy beeld gelyk te word nie. Juis hierin sal die gelowige ervaar dat die Gees van God hom in hierdie proses begelei. Hoe meer hy bereid is om aan hierdie Bybelse opdrag gehoor te gee, des te meer sal hy die werking van die Heilige Gees ervaar.

Om aan die beeld van Christus gelyk te word, is 'n dinamiese proses: Die gemeente wórd al meer dié gemeente van Christus. Dit sluit 'n kritiese kyk na die huidige gemeente in met die visie om die 'ideale' gemeente te word. Hierdie visie moet dan omgesit word in 'n plan om jou hervormingsdoel te bereik. Dit moet sistematies gebeur, anders is een stap vooruit, twee stappe agteruit. So kan 'n mens dan

ook as gevolg van onsekerheid wat ontstaan, teenstand te wagte wees (Goedhart 1984:13-14).

Om onsekerheid te hanteer en teenstand tot die minimum te beperk, moet die gemeente deeglik vir die hervormingsproses voorberei word. Nel (1988:8-23) noem hierdie voorbereidingsfase 'Motivering en ontvriesting'. In hierdie fase moet die oortuiging geskep word dat grondige hervorming nodig is. Dit word nie bereik deur bloot nuwe strukture in te voer nie. 'n Hele proses van houdings- en mentaliteitsverandering is eers nodig (Louw 1987:80). Die ruimte moet geskep word om die noodsaaklikheid van 'n gemeente-analise op die voorgrond te stel (Goedhart 1984:14). Voordat 'n mens egter die moed het om te hervorm, is die volgende nodig:

- * insig waarom en hoe hervorm moet word, wat moet ek prysgee en wat gaan ek kry;
- * 'n verstaanbare regverdiging vir hervorming;
- * identifikasiefigure wat die hervorming voorleef;
- * 'n groep mense, waarvan 'n persoon deel kan uitmaak en saam met wie jy die hele proses kan beleef (Bons-Strom 1987:39-40).

Een van die belangrike elemente van 'n gemeentelike hervormingsproses is 'n deeglike analise van die bestaande toestand en gang van sake. Ontleding en kritiese ondersoek is noodsaaklik:

Few procedures are more wasteful than continuing year after year with no effort to analyze methods, evaluate results or seek more productive patterns. It is therefore necessary that every religious organization analyze what it is doing, how it is doing it, and ways the harvest must be increased. In fact, refusal to seek and act on the facts of growth is basic unfaithfulness to God.

(Smith, in Louw 1987:80)

Alhoewel die proses gemeentebou in elke gemeente uniek verloop, is daar fases wat in hierdie proses onderskei kan word:

- * dat God deur Gees en Woord besig is om die gemeente te hervorm;
- * deur die Woord lei die Gees mense tot die verstaan van God se wil om in die lig daarvan te hervorm en te vernuwe;
- * vernuwings is die doelgerigte bemoeiing met die gemeente waar die wêreld kan sien hoe lyk God se mense aan die werk;
- * hervorming kan ook gesien word as intensionele beïnvloeding; deur Woord en Gees word die lidmaat beïnvloed om betrokke te raak by vernuwings, sodat die gemeente daardeur opgebou kan word;

- deur intensionele beïnvloeding word die gemeente begelei om meer en meer aan die beeld van God gelyk te word (Nel 1988:3-4).

Om te verseker dat hierdie hervormingsproses (opbou) nie weghardloop nie, geskied dit in fases. Verskeie persone gee 'n aanduiding van hoe so 'n proses kan verloop:

- *Lipitt*: 1. Ontvriësing; 2. Skep van 'n 'veranderingsverhouding'; 3. Werklike verandering; (i) diagnose van die situasie (ii) doelwitbeplanning (iii) bereiking van doelwitte; 4. Stabilisering; 5. Vestiging van 'n eindrelasie.
- *Ten Have*: 1. Doelbepaling; 2. Diagnose van die beginsituasie; 3. Keuse van werkwyse; 4. Die veranderingsproses self; 5. Evaluering van die resultaat.
- *Lissenburg*: 1. Inisiasiefase; 2. Diagnostiese fase; 3. Motiveringsfase; 4. Beplanningsfase; 5. Aksiefase; 6. Evaluasiefase.
- *Seifert en Clinebell*: 1. Motivering en voorbereiding; 2. Analise en diagnose en soeke na alternatiewe doelstellings; 3. Formulering van strategie; 4. Aksie; 5. Evaluering en stabilisering.
- In die lig van bogenoemde, sien Nel (1988:5-6) die fases in gemeentebou soos volg: 1. Ontvriësing, motivering en voorbereiding; 2. Gemeente-analise; 3. Doelwit- en strategiebeplanning; 4. Aksieprogram om doelwitte te bereik; 5. Evaluering, aanpassing en stabilisering.

Hierdie fases in die hervormingsproses soos deur veskillende persone uitgestippel, stem in 'n groot mate ooreen. So blyk dit dat die diagnose/analise-fase by almal redelik vroeg in die proses voorkom. Oor die algemeen word dit voorafgegegaan deur 'n motiveringsfase waarin die tyd rypgemaak word vir 'n proses van hervorming. Hierdie motivering geskied hoofsaaklik deur die prediking en persoonlike gesprekke. Sodra die gemeente gereed is, moet die huidige situasie ontleed word, waarna dit met die ideaal ('ideale' gemeente) vergelyk word. Dít dien as basis vir doelwitformulering en die res van die proses.

Maar wat is die ideaal? Hoe lyk die 'ideale' gemeente? Volgens Sondag 21, vraag en antwoord 54 en 55 van die Heidelbergse Kategismus (Diensboek 1987:181) blyk die volgende:

- (a) God roep vir Hom deur sy Gees en Woord 'n gemeente (kerk) byeen.
- (b) Die ware geloof vorm die samebindende faktor.
- (c) Die gelowiges is met gawes en skatte bedeel.
- (d) Elke gelowige is verplig om sy gawes gewillig met die ander lede te deel.

Vir Luther (in Dulles 1978:117) moet die ware kerk (dus ook die 'ideale' gemeente) aan die volgende vereistes voldoen: Die prediking van die ware woord van God, die korrekte bediening van die doop en die Nagmaal. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis (Diensboek 1987:152) brei hierop uit deur te sê dat die ware kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die gebruik van die kerklike tug toepas om die sondes te straf. Die kenmerk van Christene is hulle geloof in Jesus Christus, dat hulle die sonde ontvlug en geregtigheid najaag en God en hulle naaste liefhet.

4.2 Wat is gemeente-analise?

In die bestuurswêreld word die eweknie vir gemeente-analise situasie-analise genoem. Dit maak deel uit van die vakgebied Strategiese Bestuur. Die algemene doel van hierdie vak vir die bestuurswêreld is die beter funksionering van 'n maatskappy (Strydom 1985:2-3). Beter funksionering word normaalweg gemeet in rand en sent. Onderliggend hieraan kan probleme soos produktiwiteit, personeelverhoudings, toerusting ensovoorts voorkom. Voordat so 'n algemene doel soos beter funksionering bereik kan word, moet daar eers vasgestel word wat die probleem is waarom die funksionering nie na wense is nie. Om dit vas te stel, moet die huidige situasie in die maatskappy ontleed word. Behoeftes en probleme moet geanaliseer word. Serfontein en Du Toit (in Strydom 1985:3) stel dit dat probleme meestal geïdentifiseer word na aanleiding van sekere simptome wat waargeneem word. Die oorsprong van die probleem kan opgelos word deur feite te versamel en telkens die vraag te vra: 'Hoekom?'. Die wesenlike behoefte of probleemarea moet duidelik geïdentifiseer en omskryf word. Dit moet so gedoen word sodat 'n doel en doelwit(te) en 'n plan van aksie geformuleer kan word om 'n behoefte of 'n probleem aan te spreek.

'n Interessante opmerking wat Strydom (1984:4-5) maak, is dat 'n situasie-ontleding by kategeese gedoen word met die doel om die teologie tot sy volle reg te laat kom. Verder meld hy ook dat die situasie-ontleding 'n noodsaaklike voorstadium by kategeese is. Dít is bepalend vir wat gaan volg. Beide hierdie stellings kan heelwat wyer geïnterpreteer word, ook vir gemeentebou. 'n Situasie-ontleding staan nie op sy eie nie – dit alleen is nie die antwoord op probleme nie. Dit gaan gevolge hê vir en moet daarom verband hou met die res van die proses. Na 'n deeglike situasie-analise kan daar begin word om doelwitte te formuleer om die algemene doel te bereik. Die resultate van die situasie-analise bepaal die aard van geformuleerde doelwitte.

Hierbo is reeds gestel dat 'n situasie-analise beter funksionering ten doel het. Wat vir die bestuurswêreld geld, geld ook vir die kerk – met dié verskil dat dit vir

die kerk nie gaan oor rand en sent nie, maar om meer aan die beeld van Christus gelyk te word. Om 'n gemeente te analiseer moet daarom beskou word as 'n doelwit om die doel van die kerk te bereik.

Die eenvoudigste vorm van analise in die kerk sou beteken om die situasie van die plaaslike gemeente metodologies te verken met die oog daarop om 'n betroubare beeld of profiel van die gemeente op te stel. Metodes vir die verkennende analise is die gebruikmaking van gevallestudies, fokusgroepe (groepbesprekings) en sosiale opnames aan die hand van skedules of gestruktureerde vraelyste. Dit word gedoen om 'n betroubare profiel van die gemeente te verkry en kan die volgende tipe inligting bevat:

- * historiese, sosiale, en kulturele feitlikhede;
- * lidmatetal van die afgelope vyf jaar en kerklike betrokkenheid en meelewing;
- * biografiese gegewens soos ouderdom, geslag, huwelikstatus, inkomstegroepe, opleiding ens (Louw 1987:82-83).

Dit kan ook nuttig wees om 'n inventaris op te stel van die ontvanklikheid van die gemeente en om die omvang daarvan te bepaal. Faktore wat mens meer ontvanklik maak vir die evangelie is iets soos die verlies van 'n lewensmaat of 'n naasbestaande, egskending, ernstige siekte, verhuising ens. 'n Inventaris van die gewes van lidmate in die gemeente help ook wanneer dit by die uitdeel van take kom. Die veronderstelde gang van sake is dat lidmate die gemeente en mekaar ook met hulle gewes sal dien.

Gemeenteprofiel en gemeente-analise word telkens met mekaar verwar. Om 'n profiel van die gemeente te verkry, is net 'n onderdeel van die totale proses. 'n Gemeenteprofiel het met die versameling van saaklike gegewens ten opsigte van die gemeente te make. Ons kan dit ook dataversameling noem. 'n Gemeenteprofiel is kerklike gegewens wat in gesprek tree met gegewens van die betrokke samelewing waarbinne die gemeente bestaan (Nel 1988:26-27).

Sommige mense meen dat dataversameling onnodig is. Die predikant ken die gemeenskap waarin hy werk en weet daarom ook wat in die lidmate se harte aan die gang is. Dat predikante nie vir 'n empiriese analise gretig is nie, is te verstane. Meestal sluit dit nie by hulle geaardheid aan nie. 'Ministers as a professional group tend to be averse to data gathering because they are more people- than organisation-orientated' (Gibbs 1985:110). Hulle is ook bevrees dat die voortgang van die gemeentewerk vertraag of verlam sal word deur 'n uitvoerige beplanningsfase. Gibbs (1985:110) noem dit 'analysis paralysis'. Gemeentes moet hierteen waak, want analise kan ook as 'n verskoning gebruik word om nie tot aksie oor te gaan nie.

Hierdie besware teen die optrek van 'n profiel van die gemeente gaan nie op nie. Dit is onvoldoende en misleidend vir predikante om terug te val op hulle eie

algemene, subjektiewe indrukke van die gemeente (Louw 1987:81). Dit beteken nou ook nie dat die leiding van die Heilige Gees deur hierdie proses uitgeskakel word nie. Die Here wil juis sy gemeente lei om biddend afhanklik beplanning te doen om 'n bestaande gemeentesituasie eerlik te analiseer (Gibbs 1985:111).

Dataversameling dra daartoe by om 'n volledige gemeenteprofiel te kry. Alleen hierdeur, meen Lyle Schaller (in Louw 1987:84), kan die volgende afleidings met redelike sekerheid gemaak word:

- * Woon meeste lidmate korter as sewe jaar in die gemeente, voorspel dit goeie groeimoontlikhede. Is dit langer as twaalf jaar, word probleme voorsien.
- * Hoe lank beklee beleidmakers in die gemeente leiersposisies? As dit langer is as die gemiddelde termyn van lidmaatskap, is dit 'n aanduiding dat nuwe lidmate nie juis in die gemeente aanvaar word nie.
- * Bywoning van eredienste: Toename dui op 'n goeie groeipotensiaal vir die gemeente.
- * Hoe ouer die gemeente, hoe meer inspanning sal dit kos om die lidmate tot groei te beweeg.

Gemeenteprofiel vra na die 'wie' van die gemeente. Hierteenoor vra die analise van die gemeente na die 'hoe' van die gemeente. Gemeente-analise vra na hoe die gemeente lyk en hoe die gemeente funksioneer. Dit is 'n proses van selfondersoek, nie om alleen 'n lys van die gemeente se gebreke en foute te maak nie, maar om tot aktiwiteit en beter funksionering te kom. So gesien, vorm gemeente-analise die basis vanwaar 'n gemeente tot verandering en vernuwing begelei kan word (Nel 1988:28).

Naas die analise om 'n gemeenteprofiel te verkry, het analise ook ten doel om te diagnoseer. Hier gaan dit om die gesondheidstoestand van die gemeente as die liggaam van Christus. 'If the church is the Body of Christ, then there is some biblical justification in taking rather a clinical approach to analyzing the health of a church' (Wagner 1984:34). Net soos wanneer 'n dokter ingeroep word wanneer 'n persoon siek is, so het die gemeente ook dikwels 'n dokter nodig. Die dokter maak van allerlei diagnostiese metodes gebruik om die aard van 'n siekte te bepaal: So dien die gemeentelike-analise daartoe om 'n diagnose van die gemeente se siekte-toestand te maak. Wagner gee in een van sy boeke *Your church can be healthy* (in Louw 1987:85) 'n lys van agt tipiese siektes wat die gesondheid van gemeentes kan aantast. Twee van hierdie siektes kan as terminaal beskou word. Om hierdie siektes te kan diagnoseer, moet die gemeente ondersoek word. Die simptome wat hulle voordoen en wat uit 'n verdere ondersoek spruit, kan help om 'n siekte(s) korrek te diagnoseer.

Let egter daarop dat analise as diagnose nie noodwendig siektetoestande veronderstel nie. Naas terapeutiese diagnose is daar ook voorkomende diagnose. Dit is die analise om te verseker dat die goeie gesondheid van die liggaam voortdurend gehandhaaf word (Louw 1987:88). Effektiewe diagnose en behandeling kan alleen 'n positiewe uitwerking op verskeie fasette in die gemeente hê. Gereelde diagnose dra grootliks tot gesonde groei en ontwikkeling van die plaaslike gemeente by.

Gemeente-analise het nie alleen ten doel om te diagnoseer nie, maar ook om behoeftes te identifiseer. In die proses van selfevaluering word die behoeftes van die gemeente meestal outomaties ontdek. Probleme en behoeftes het egter 'n nou verwantskap. In die analise gaan dit om die soeke na die oorsake van die probleme, oorsake wat probleme meebring en probleme wat onvervulde behoeftes meebring. Onvervulde behoeftes lei tot onvervulde take – gemeentelike roepingsontrou (Nel 1988:29).

'n Analise van die gemeentesituasie is daarom ook om die gemeente te evalueer. Lidmate word self betrek by die evaluering of beoordeling van hulle gemeente. Hier kan 'n omvattende effektiwiteitsvraelys vir alle lidmate oor alle denkbare aspekte van die gemeentelike opset en funksionering versprei word. So 'n ondersoek kan 'n betroubare beeld gee van die gevoel van die gemeente. Is die lidmate positief voorberei vir dit wat voorlê? Die gemeente kan hier ook tydens die proses van verandering betrek word om die proses te beoordeel. Daardeur kan lidmate voel dat hulle persoonlik betrek word by dit wat in die gemeente gebeur. Belangrik is egter dat analise as die evaluasie-faset sal geskied teen die agtergrond van duidelik omskrewe gemeentelike doelstellings. Algemene gemeentelike doelstellings kan na die basiese funksies van die gemeente teruggevoer word, te wete diens aan God, diens aan mekaar en diens aan die wêreld (Louw 1987:89-90).

Om 'n verteenwoordigende geheelbeeld van die gemeente te verkry, kan anonieme vraelyste versprei word. Ander metodes is om gebruik te maak van fokus-groepe soos jongmense, bejaardes, katkisanter ens. Hier kan gefokus word op die verskil in beleving tussen die verskillende segmente in die gemeente. Vraelyste kan ook tydens 'n naveekkamp of geestelike konferensie, waar daar 'n positiewe geestelike klimaat bestaan, uitgedeel word. Kompakte vraelyste kan ook in wyksverband uitgedeel word en met wyksbyeenkomste aan die orde gebring word. Die nut hiervan is dat lidmate met mekaar in gesprek tree en mekaar verder stimuleer en motiveer (Louw 1987:90-91).

Goedhart (1984:14) is van mening dat 'n volledige analise van die gemeente selde nodig is. Daar kan begin word om 'n voorlopige probleemstelling te formuleer. Deur dan die huidige situasie met die ideaal te vergelyk, is dit moontlik om 'n meer presiese probleemstelling te formuleer. Hiermee word daar gepoog om die werk-

like probleem so akkuraat as moontlik te formuleer. Om hierdie probleem dan op te los: Formuleer 'n algemene doel (hoofdoel), daarna 'n besondere doelstelling/e (werkdoel/e) en dan doelwitte (werkwyses). So kom 'n hervormingsplan tot stand wat ook 'n wyse is om in beweging te kom.

4.3 Die waarde van gemeente-analise

Die probleem met baie opbouprogramme van die gemeentes is die gebrek aan geformuleerde korttermyn- en langtermyn doelstellings wat deur die gemeente self opgestel is. Indien spesialiste dit namens die gemeente doen, tree gemeenteverlamming in. Die hele proses van gemeentebou, wat ook gemeente-analise insluit, moet deur die lidmate self gedoen word. Hulle kan dit doen deur tydens 'n werkseminaar saam die opbouprogram te ontwerp (Louw 1985:38).

Die pastor sal minder herder en meer leraar moet word (Heyns 1986:17-18). Hy sal sy leiersposisie moet prysgee om begeleier te word. So sal 'n sinvolle plek aan die vergete lidmaat in die gemeente gegee word. Die pastor kry geleentheid om na te dink oor wat die gemeente is en om sy verhouding met die wêreld te bepaal. Met behulp van empiriese analises moet sinvolle doelwitte vir die gemeentebouprogram ontwerp word. Gemeentestrukture sal onder die vergrootglas moet kom en die huidige bediening sal krities geëvalueer moet word om vas te stel of die opbou van die gemeente tot uitbou van die koninkryk van God is.

Gemeente-analise as deel van die vernuwing in die gemeente is 'n gevolg daarvan dat die kerk daarvan bewus geword het dat hy nie is wat hy behoort te wees nie: Dit is 'n groeiende kerk deur die kommunikasie van die evangelie. Die plaaslike gemeente het sy aantrekkingskrag vir mense verloor. Wêreldwyd word daar gewerk aan die aktivering van die gemeente om die evangelie te kommunikeer (Nel 1988: 30). Die plaaslike gemeente moet die leiding neem om lidmate vir die kerk van die Here bymekaar te bring.

Diagnose van die werklike probleem in 'n gemeente word nie alleen op waarneming gedoen nie. Wanneer 'n siek persoon 'n dokter raadpleeg, verklaar die dokter nie sommer op sig wat hy makeer nie, maar ondersoek hom eers om tot 'n diagnose te kom. Nel (1998:30-31) wys daarop dat begeleiers van gemeentes baie keer bloot op waarneming die sogenaamde probleem in die gemeente 'dokter'. Die gevaar hier is subjektiewe beoordeling. Die begeleiers is meestal so deel van die geheel, dat dit feitlik onmoontlik is om op 'n gesonde afstand te evalueer. Daarbenewens bly waarneming wat nie deur ondersoek bevestig is nie, 'n onbruikbare wetenskaplike metode. Die boodskap van die Bybel moet op 'n minder lukrake wyse en meer doelgerig in 'n bepaalde omgewing en omstandighede van mense ingedra word.

Goedhart (1984:13) sê hieroor dat dit met analise om 'n feitelike situasie gaan, maar dat dit selde objektief is. 'n Mens kyk uit sy eie ervaring na gebeure en kleur dit daarvolgens in. Hoe meer persone egter 'n feit beoordeel, hoe meer objektief raak die feit. Hoe meer menings ingewin word, hoe meer getrou is die analise wat gemaak word.

Gemeente-analise is die enigste manier om begeleiers daarvan te bewaar om diagnostiese foute te maak. Diagnose help om spesifiek te wees. Dit help nie net om die vinger presies op die seerplek te druk nie – dit gee 'n duidelike begrip van die aard van die probleem binne die eiesoortigheid van elke gemeente. Besluitneming oor die toekoms van gemeentes kan alleen verantwoordelik geneem word wanneer met sekerheid gesê kan word wat die werklike probleme en behoeftes is (Nel 1988:31). Volgens Callahan (in Nel 1988:31) is die eerste stap in langtermynbeplanning die verkryging van 'n akkurate, realistiese beeld van die huidige stand van sake.

Die bereidheid van 'n gemeente om homself te evalueer, staan ook dikwels in die pad daarvan om werklik gemeente van Christus te word. Hierin speel die begeleiers in die gemeente 'n groot rol. Hoewel pynlik, is dit 'n teken van volwassenheid om bereid te wees om aan 'n selfevalusieprogram te werk. Ook weerstand teen verandering staan dikwels in die pad van hierdie proses. Die pastor se motivering vir die vernuwung van die gemeente is 'n noodsaaklike bestanddeel vir eerlike selfondersoek en die begeleiding van die gemeente daartoe. As die pastor nie daarvoor kans sien nie, sal hy ook redes vind waarom die gemeente nie daarvoor ryp is nie (Nel 1988:1-32).

Besware teen die gedagte van gemeente-analise gaan nie op nie. In Numeri 1 dra die Here dit self aan Moses en Aäron op om die name van al die weerbare manskappe neer te skryf en te tel. Lukas huiwer ook nie om die groei van die gemeente in Jerusalem in getalle uit te druk nie. Dawid word wel in 1 Kronieke 21 verkwalik omdat hy die volk getel het, maar dit is omdat hy sy eie eer daarin gesoek het. Wat tog hieruit blyk, is dat hierdie saak met die nodige versigtigheid en verantwoordelikheid hanteer moet word.

'n Ander beswaar handel oor die relatiewe waarde van statistiese gegewens. Daar moet gewaak word teen die verabsoluttering van kwantitatiewe meting. Dit gaan egter nie om getalle nie, maar om mense. 'Dit gaan oor die oes wat ingesamel word, en dié oes is berekenbaar! Dit gaan om die maak van dissipels, en dissipels kan getel word!' (Louw 1987:81).

Die vraag wat nou ontstaan, is wanneer die tyd vir gemeente-analise ryp is. 'n Groot deel van die sukses hiervan is in watter mate die gemeente daartoe bereid is. Hier kan die pastor/begeleiers 'n groot rol speel om die gemeente bewus te maak

van probleme en probleemareas in die gemeente. Deur hiervan bewus te word, kan 'n gemeente gemotiveer word om dit reg te stel. Anders gestel, die gemeente besef dat daar iewers iets skort en hulle is bereid om daaraan te werk. Harris (in Nel 1988:32-33) noem agt toestande en meen dat een of meer van die toestande 'n eerlike analise noodsaaklik maak:

- * onvoldoende inkomste;
- * leiers verlang meer oop kommunikasie met lidmate;
- * verandering in leierskap;
- * verandering in samelewing;
- * interne spanning;
- * bewuswording of die gevoel van mislukking in die gemeente;
- * onvermoë van die gemeente om nuwe intrekkers te behou;
- * ernstige verwydering tussen pastor en lidmate.

5. WYSES VAN GEMEENTE-ANALISE

Gemeente-analise kan op meer as een manier gedoen word. As 'n ondersoek sou dit soos enige ander empiriese ondersoek hanteer kon word. Volgens Nel (1988:36) is die volgende wyses van die suksesvolstes:

- * 'n analise-vraelys;
- * gestruktureerde onderhoudvoering.

P D Thomson (in Nel 1988:48) van die Presbiteriaanse Kerk in Skotland het van laasgenoemde metode gebruik gemaak. Vanaf Maandag tot Vrydag het hy met diverse groepe in die gemeente in gesprek getree oor die volgende vraag: 'Hoe is dit dat ons as gemeente en as groep binne die gemeente so min vrugbaar is vir die gemeente en omgewing?' Saterdag is die resultate deurgewerk en Sondag is dit met die gemeente, maar veral met die leiers van die gemeente, deurgepraat.

Volgens Thomson het sy gemeente-analise minstens vier goeie resultate opgelewer:

- * groepsdinamiese ontwikkeling het plaasgevind;
- * gewone lidmate het die geleentheid gekry om eerlik, vrymoedig en ontspanne na die gemeente te kyk en uit te praat;
- * die gemeente het geleer om hulleself deur die oë van ander te sien en so nuwe perspektief te kry;
- * 'n jaar na die analise was die oorbelaaiete predikante ontlaai van allerlei administratiewe en organisatoriese take ten einde hulle besig te hou met hul primêre take.

Bons-Strom (1987:15) het met twintig gemeentelede, asook die predikant(e) van 'n gemeente in gesprek getree. Op dié manier het hy soveel as moontlik gegewens versamel oor die geskiedenis, die leierskap, en die kom en gaan van die gemeente. In die gesprekke wat hy gevoer het, het hy gepoog om by die volgende kerngedagtes uit te kom:

- * Wat beteken dit om 'n lid van die Christelike gemeente te wees?
- * Wat is volgens u die wese van die Christelike gemeente?
- * Hoe moet die seggenskap en die werk in die gemeente verdeel word?
- * Hoe dink u oor God?

Hierdie gesprekke het hy tuis by lidmate gedoen en dit het tot twee ure geduur. Dit is op band opgeneem en daarna volledig uitgetik. Op grond hiervan het hy 'n verslag uitgebring en kommentaar gelewer oor moontlike veranderinge.

Hierdie tipe gesprekvoering (van Thomson en Bons-Strom) kan op verskeie maniere geskied. Begeleiers kan analise-vrae opstel en deur middel van opgeleide werkers (*ouderlinge* – [eie klemtoon]) aan die lidmate laat vra. Dit kan in wyksverband gedoen word, of dalk deur 'n ewekansige metode, soos byvoorbeeld deur elke derde persoon op die gemeente se adreslys. Gespreksleiers moet die antwoorde neerskryf of dit op band opneem sodat dit later verwerk kan word. 'n Probleem hier is dat die gespreksleier in die neerskryf van 'n antwoord dit alreeds kan interpreteer of neerskryf soos wat hy dit verstaan (Nel 1988:36-37).

Soos reeds gemeld, is situasie-ontleding (in die bestuurswêreld) 'n dinamiese proses waartydens probleme en behoeftes vasgestel word. Om die behoefte of probleem nader te bepaal, kan die volgende vrae gevra word (Strydom 1985:14):

- * Wat is die probleem/behoefte?
- * By wie kom die probleem/behoefte voor?
- * Waar kom die probleem/behoefte voor?
- * Wanneer kom die probleem/behoefte voor?
- * Waarom kom die probleem/behoefte voor?

Elkeen van hierdie vrae belig 'n sekere aspek van 'n situasie-ontleding. Die aard van die vrae is so dat dit 'n probleem of behoefte tot op die been kan oopsny. Hierdie tipe vrae kan met vrug gebruik word wanneer vrae vir 'n gemeente-analise opgestel word, hetsy deur vraestellers of deur middel van 'n vraelys.

Die maklikste en die mees hanteerbare analise is die vraelys. Wat ter sprake moet kom is 'n profielontleding, 'n diagnose en evaluering van die gemeente – die 'wie' en 'hoe'. Die vraelys word met 'n duidelike doel opgestel. Wat wil ons met die analise bereik? Wat wil ons evalueer? Die insig in die wese, die funksionering en strukturering van die gemeente word geëvalueer. Die doel van die vraelys moet nie

verwar word met die doel en doelwitbeplanning wat ter sprake kom as die volgende fase na die gemeente-analise nie (Nel 1988:37-38).

Wie gaan almal aan die analise deelneem? Die teikengroep moet ook gedefinieer word voordat daar begin word met die opstel van 'n vraelys (Nel 1988:38). Sulke groepe kan die kerkraad wees, lidmate bo sestien, mans en vrouens, ensovoorts, afhange van die doel van die analise. Vraelyste kan ook in wyksverband voltooi word en na voltooiing met die ouderling bespreek word, sonder om die vraelys se antwoorde te verander. So vind groepbou plaas. Die ouderling voltooi 'n samevatende verslag.

Diverse groepe kan ook saamgestel word om die vraelyste te beantwoord. Hierdie groepe kan op ope uitnodiging of deur ewekansige persoonlike uitnodiging geskied. Diverse groepe kan soos volg saamgestel word (Nel 1988:39):

- * meer as een ouderdomsgroep;
- * aktiewe en onaktiewe lidmate;
- * ruimte vir kerkvervreemde deelnemers.

Hoe breër die groep, hoe meer verteenwoordigend is die resultate waarmee gewerk word.

'n Vraelys moet binne bepaalde omstandighede opgestel word. Daar is geen standaardvraelys nie en daarom moet 'n vraelys binne die konteks van 'n plaaslike gemeente opgestel word. Maar wie is vir die opstel van so 'n vraelys verantwoordelik? Die beste is as daar 'n taakgroep saamgestel kan word wat hierdie werk moet verrig. Dit kan 'n kommissie uit die kerkraad wees, of 'n staande komitee met die oog op gemeentebou kan geskep word. So 'n vraelys bestaan nie uit vroeë, maar uit stellings wat geëvalueer moet word.

6. MODELLE OM 'N GEMEENTE TE ONTLEED

Verskeie modelle om 'n gemeente te ontleed, is ondersoek. Die meeste modelle begin met 'n gemeenteprofiel of situasieskets. Elke model hanteer hierdie saak na eie goeddunke. 'n Goeie gemeenteprofiel sal minstens uit die volgende bestaan (Louw 1987:82-83):

- * historiese, sosiale, en kulturele feitlikhede;
- * lidmatetal van die afgelope vyf jaar en kerklike betrokkenheid en meelewing;
- * biografiese gegewens soos ouderdom, geslag, huwelikstatus, inkomstegroepe, opleiding ensovoorts.

Nadat die gemeenteprofiel opgestel is, moet 'n tyd (minstens twee dae), plek en toerusting (blaaibord, oorhoofse projektor, ens) vir die res van die situasie-analise

gereël word. Alle belangstellendes in die gemeente word uitgenooi om dit by te woon. Selfs al reageer net 'n klein groep is dit nie vrugtelos nie, want dit is hulle wat die kern van die proses vorentoe gaan uitmaak. Deur hulle entoesiasme behoort al hoe meer mense deel van die proses te word.

6.1 Modelle

6.1.1 Model 1: Roelf Buitendag

Hierdie model is vir die eerste keer in Mei 1989 aan die nagraadse studente in die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria bekend gestel. Tydens 'n beplanningskursus in November 1989 is daar in detail na hierdie model gekyk. Dit is intussen met sukses in onder andere die Nederduitsch Hervormde Gemeentes Verwoerdburg en Windhoek aangebied. Hierdie is 'n baie moeilike model en vereis 'n opgeleide begeleier wat as fasiliteerder optree. Dit is wenslik dat die begeleier nie deel van die gemeente is nie. Dit is sy taak om toe te sien dat die proses loop, maar hy moet self verkieslik nie by die inhoud van die proses betrokke wees nie. (Ongeag van die keuse vir 'n model kan daar aan hierdie punt vasgehou word.)

Volgens Buitendag (1989:1-36) moet daar voor die aanvang van die analise self eers 'n situatieskets van die gemeente opgetrek word. Geen definitiewe riglyne hiervoor word gegee nie. Die analise bestaan uit drie fases te wete probleemoplossing, besluitneming en implementering. Elkeen van hierdie fases werk met streng bestuursbeginsels. Hierdie is 'n baie goeie model, maar is meer geskik vir gemeentes met lidmate uit die bestuurskader en sal daarom nie so goed op die platteland werk nie.

6.1.2 Model 2: Jurgens Hendriks

'n Vraag wat meestal ontstaan wanneer daar besluit is om 'n gemeente te ontleed, is waar moet 'n mens begin? Daarom is dit goed om eers die volgende vrae te beantwoord (Hendriks 1992:132-133).

- * Wat wil jy ondersoek? (navorsingsdoel)
- * Wie gaan by die ondersoek betrokke wees?
- * Beplan die ondersoek (navorsingsontwerp).
- * Hoe gaan die navorsingsresultate benut word?

Afhangende van wat in die gemeente ondersoek moet word, kan daar volgens Hendriks (1992:134-182) van verskillende tipes analise gebruik gemaak word:

6.1.2.1 Die meganiese analise

Hier word na twee dinge gesoek: Die gegewens en funksionering (meganika) van die gemeente. Sake wat aandag geniet, is historiese gegewens, demografies-biografiese besonderhede, erediensbywoning, finansiële- en fisiese gegewens, gemeentebeplanning en 'n behoeftebepaling. Hierdie analise kan gebruik word om 'n baie goeie gemeenteprofiel op te stel.

6.1.2.2 Die kontekstuele analise

Die gemeente is nie 'n geslote sisteem nie. Dit bestaan in die wêreld as lig vir die wêreld. Die kontekstuele analise kyk na die wisselwerking tussen die gemeente en sy omgewing. Daarom word klem gelê op die demografiese toneel, sosiale groepe en sosiale wêreldes en die interaksie tussen groepe. Verskeie inligtingsbronne moet geëksploiteer word om hierdie gegewens te bekom.

6.1.2.3 Die organiese proses-analise

'n Gemeente is in meer as een opsig 'n organisme. Wanneer 'n gemeente se identiteit, sy waardes, sy program en lidmate by mekaar betrek word, ontstaan daar 'n dinamiese proses. Hierdie proses verwys na die organiese funksionering van die gemeente. In hierdie analise word daar gekyk na die rol van die predikant, die invloed van die plaaslike situasie, beplanning, eienaarskap en evaluering, verskeidenheid, verskille en konflik.

6.1.2.4 Identiteits-analise

Met identiteit word daar verwys na geloof en waardes, leefwyse, simbole en styl wat elke gemeente uniek maak. 'n Gemeente se identiteit is die resultaat van die voortdurende interaksie tussen lidmate. Elke gemeente se identiteit vertel met ander woorde 'n verhaal. Om die verhaal te ontleed, moet daar gekyk word na die gemeente se geskiedenis, tradisie, lewens- en wêreldbeskouing, simbole en rituele en demografiese besonderhede.

6.1.2.5 Die dinkskrum en 'swot'-analise

'n Dinkskrum is 'n tegniek waar 'n groep soveel as moontlik gedagtes rondom 'n saak opper sonder om kommentaar daarop te lewer. Hierdie gegewens word dan georden deur die 'swot'-analise. Dit is die sistematisering van die resultate van die

dinkskrum onder die volgende opskrifte: Sterkpunte, swakpunte, geleentheid en bedreigings.

6.1.2.6 Kommentaar

Alhoewel Hendriks dit nie sê nie, hoef daar nie slegs vir een van bogenoemde modelle gekies te word nie. 'n Kombinasie van modelle kan vir 'n spesifieke gemeente in sy besondere omstandighede van toepassing wees. Daar moet egter in die hele proses gewaak word teen 'analysis paralysis'. Die modelle soos genoem in 6.1.2.1 – 6.1.2.4 kan onder die breër bergip 'gemeenteprofiel' geklas word. Daarom moet 6.1.2.5 verkieslik altyd deel van die analise-proses wees. Slegs met laasgenoemde is dit moontlik om probleme in die gemeente tot op die been te sny en tot probleemdefinisies te kom.

6.1.3 Model 3: W J van Zyl

Hierdie model is afgelei uit die MTh-verhandeling van Van Zyl. Hy het in 1987 'n bedieningstrategie vir die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Franschoek ontwerp. Sake waaraan hy aandag gegee het, is die gemeenskaps- en gemeenteprofiel, gemeente- en bedieningsanalise, effektiwiteit van die bediening. Op grond hiervan het hy afleidings en gevolgtrekkings gemaak, probleme geïdentifiseer en 'n bedieningspatroon beplan (Van Zyl 1988:40-157).

6.1.4 Model 4: D Tolmie

Soos met Van Zyl, is hierdie model afgelei uit Tolmie se MTh-verhandeling. Hy het in 1987/88 die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Grootdrink geanaliseer met die oog op 'n bedieningspraktyk. Hy het aan die volgende sake aandag gegee: Gemeenteprofiel en -analise, verwerking van vraelys resultate, hoe lyk die 'ideale' gemeente en riglyne om van die huidige bedieningspraktyk na die ideaal te beweeg. (Tolmie 1988:22-204).

6.1.5 Kommentaar

Beide Van Zyl en Tolmie se doel met hulle studies was om hulle gemeentes te analiseer en nie om analise-modelle daar te stel nie. Daarom kan volstaan word met die opmerking dat gemeente-analise sinvol is en dat dit in elke gemeente uniek met sy eie aard verloop.

6.1.6 Model 5: M J du P Beukes

Die model van Beukes is ook vir plattelandse gemeentes geskik. Vir gemeentes met 'n groter element van lidmate uit die bestuurskader, kan die model ook op eie inisiatief aangepas word. Die werkwyse is dat daar eers 'n gemeenteprofiel opgestel moet word deur aan die volgende aandag te gee: Demografiese en gemeentelike gegewens (Beukes 1991:1). Hierdie tema kan uitgebrei word met die opmerkings oor gemeenteprofiel soos wat dit in hierdie studie vervat is.

Nadat die gemeenteprofiel afgehandel is, word 'n gemeentelike projekspan aangewys om al die reëlings in verband met die analise self te tref. Dit behels sake soos die fisiese fasiliteite, uitnodiging van lidmate en die daarstel van 'n program vir die analise (Beukes 1991:1-2).

6.1.6.1 Die analise-proses self

Die proses bestaan daaruit dat vrae gevra word om so 'n geheelbeeld van die gemeente en sy probleme en behoeftes te verkry:

- a. Wat is die kerk teologies gesien? Die predikant gee 'n kort kennisinset en bespreek dit met die groep.
- b. Wanneer is die gemeente 'n geslaagde gemeente? Elke lidmaat skryf sy mening individueel neer. Hierna word dit eers in kleingroepe en daarna in die grootgroep bespreek. Daar word telkens gepoog om konsensus oor die saak te verkry. Al die inligting word op 'n blaaibord aangeteken.
- c. Watter wêreld-tendense het 'n invloed op die gemeente? Die grootgroep bespreek hierdie saak met mekaar en al die menings word op blaaibord aange-teken.
- d. Watter tendense in die Hervormde Kerk het 'n invloed op die gemeente? Die grootgroep bespreek hierdie saak met mekaar en al die menings word op blaaibord aangeteken.
- e. Watter tendense in die omgewing het 'n invloed op die gemeente? Die grootgroep bespreek hierdie saak met mekaar en al die menings word op blaaibord aangeteken.
- f. Noem elke implikasie uit (c) – (e) waarmee die gemeente werklik sal moet rekening hou. Doen dit by wyse van geleenthede en bedreigings. Hierdie punt sluit aan by die 'swot'-analise. Elke lidmaat skryf sy mening individueel neer. Hierna word dit eers in kleingroepe en daarna in die grootgroep bespreek. Al die inligting word op 'n blaaibord aangeteken.
- g. Hoe lyk die struktuur van die gemeente? Die predikant gee 'n kort kennisinset.

- h. Noem die sterk- en swakpunte van die gemeente. Neem die struktuur in die gemeente as uitgangspunt.

Hier word weer by die 'swot'-analise aangesluit. Elke lidmaat skryf sy mening individueel neer. Hierna word dit eers in kleingroepe en daarna in die grootgroep bespreek.

- i. Identifiseer strategiese fokuspeunte met die oog op probleemoplossing. In die lig van die gemeenteprofiel en punte (a) – (h) is dit nou moontlik om probleemdefinisies op te stel. Dit behels dat sake wat bymekaar hoort, saamgegroep moet word. Hierna kan in kleingroepe verdeel word met die opdrag dat elke groep oor van die genoemde groeperinge, probleemdefinisies moet formuleer. Dit word dan aan die grootgroep teruggerapporteer vir bespreking en prioriteitsbepaling.
- j. Noudat die probleme in die gemeente volgens prioriteite bepaal is, volg die res van die fases in die gemeentebouproses – doelwit en strategiebeplanning, aksieprogram en evaluering. Dit kan deur die kleingroepe en grootgroep in samewerking met die projekspan gedoen word.

7. GEVOLGTREKKING

- 7.1 Die wyse van gemeentelike bediening is dinamies en moet by die eise van die tyd aangepas word om 'al meer aan die beeld van Christus gelyk te word' (2 Korintiërs 3:18).
- 7.2 Die proses om te vernuwe/verander/hervorm is daarom 'n opdrag waarvoor daar nie teruggedeins mag word nie.
- 7.3 Die proses om te vernuwe is nie gevoelsmatig nie, maar vereis deeglike besinning, ontleding en beplanning om daardeur die gemeente op te bou (in plaas van af te breek).
- 7.4 Die eerste stap vir 'n gemeente is om 'n deeglike analise van die gemeente te doen.
- 7.5 Die gemeente-analise model van Beukes is baie bruikbaar en kan by feitlik alle gemeentes aangepas word.
- 7.6 Die resultate van 'n gemeente-analise vorm die basis vir die verdere beplanning en implementering van 'n nuwe bedieningstruktuur.

Literatuurverwysings

Beukes, M J du P 1991. Situasië-ontleding en beplanning van die gemeente Oossig se aktiwiteite met die oog op die beste moontlike bediening. Ongepubliseerde

- Klasaantekeninge, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.
- Bons-Strom, R 1987. *Geloof waardig*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boeckencentrum.
- Buitendag, R 1989. Beplanningskursus: 20-24 November 1989. Ongepubliseerde werksdokument, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.
- Dreyer, J G M 1986. *Gemeenteboukursus*. Tweede uitgawe. Ongepubliseerde kursus gebruik in die studente gemeente Potchefstroom.
- Dreyer, T F J 1987. Bedieningstrukture. Ongepubliseerde klasaantekening, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.
- Dulles, A 1978. *Models of the church*. Dublin: Gill and Macmillan.
- Gibbs, E 1985. *I believe in church growth*. London: Hodder and Stoughton.
- Goedhart, G L 1984. *Gemeente opbouw*. Kampen: Kok.
- Hendriks, H J 1986. Vernuwning in die bedieningstruktuur. *NGTT* 27, 72-85.
- 1987. 'n Teologies-prisipiële begroning vir die opbou van die gemeente. *PTSA* 2, 1-25.
- 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Heyns, L M 1988. Die plek van gemeentebou binne die Praktiese Teologie. *ThEv* 21/1, 14-18.
- Heyns, L M & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.
- Louw, D J 1985. Die opbou van die gemeente in 'n veranderde samelewing, in Louw, D J (red), *Op die breuklyn*, 20-42. Kaapstad: NGKB.
- Louw, L K 1984. Dienswerk – 'n eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente. DTh-proefskrif, Universiteit van Suid Afrika.
- 1987. 'n Analise van die gemeentesituasie met die oog op gemeentebou. *PTSA* 2, 71-93.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1989. Agenda van die Algemene Kerkvergadering 1989a. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1989. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1989b. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Verslag van die Kommissie vir Bedieningstrukture 1991. Pretoria: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1987. *Diensboek*. Heidelbergse Kategismus, 163-203. Pretoria: Kital.

- Nel, M 1986. Teologiese perspektiewe op gemeentebou. Pretoria: NGKB. (UPTS 2.)
- 1988. Fases in gemeentebou. Pretoria: NGKB. (UPTS 6.)
- Strydom, W A 1985. Watter plek neem situasie-analise in, in die kategeseproses? BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- Tolmie, D 1988. Ned Geref Gemeente Grootdrink – Gemeente-analise en bedieningspraktyk. MTh-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Van der Walt, B J 1987. Die meting van geloof. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- Van Zyl, W J 1988. 'n Bedieningstrategie vir die opbou van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Franschoek. MTh-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Wagner, C P 1984. *Your church can grow*. Ventura: Regal.